Verwysing: 20210217-1062
Lêernommer: 13/7/1/2
Navrae: M Combrink

Assesseringsbestuursminuut: 0002/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van onderwysinrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Praktiese Assesseringstake vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 2021

1. **Inleiding:**

1.1 Praktiese assesseringstake (PAT's) is in uitgekose vakke deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) en in Sport- en Oefeningwetenskap deur die Onafhanklike Eksamenraad opgestel. Hierdie PAT's maak deel uit van die assesseringsvereistes vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamens in 2021 soos in die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) van elke toepaslike vak uiteengesit is.

1.2 Die PAT's word intern by skole geassesseer en dan ekstern binne die provinsie gemodereer.

2. **Vakke wat PAT's insluit:**

2.1 Landboubestuurspraktyke, Landboutegnologie

2.2 Dansstudies, Ontwerp, Dramatiese Kunste, Musiek, Visuele Kunste

2.3 Rekenaartoepassingstegnologie, Inligtingstegnologie

2.4 Verbruikerstudies, Gasvryheidstudies, Toerisme

2.5 Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Meganiese Tegnologie, Tegniese Wetenskappe

2.6 Sport- en Oefeningwetenskap

3. **Assessering van PAT's:**

3.1 Toegang tot die PAT-riglyne vir 2021 kan verkry word deur die skakel (https://tinyurl.com/yhyyk58j) of VK-kode te gebruik. Die PAT's is ook op die DBO se webwerf beskikbaar (*klik op die tuisblad op Curriculum/National Curriculum Statements (NCS) Grades R–12/Practical Assessment Tasks)*.

3.2 Die PAT-riglyne moet aan die betrokke vakonderwysers voorsien word sodat hulle hierdie dokumente kan gebruik om vir die inwerkingstelling van hierdie assesserings gedurende die eerste drie kwartale van 2021 te begroot en te beplan.

3.3 Die betrokke vakadviseurs en senior kurrikulumbeplanners sal deur die loop van die jaar ondersteuning bied. Skole moet dus toesien dat die betrokke onderwysers die distriksvergaderings wat oor die assessering en moderering van PAT's handel, bywoon.

4. Prinsipale en distriksamptenare word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van personeel, ouers en leerders te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-02-22